



PRIMÈRE SKOOL UNIVERSITAS BELEID

NETBAL

1. Indeling van spanne, afrigters en spanbestuurders

Die indeling van spanne en afrigters word elke jaar deur die Netbalhoof in samewerking met die Sporthoof gedoen. Die volgende word in ag geneem:

- Kwalifikasie van afrigter
- Prestasie van span(ne)
- Ondervinding met spesifieke ouderdomsgroep
- Entoesiasme
- Beskikbaarheid.

Hierdie indeling sal jaarliks hersien en aangepas word indien nodig. Versoeke sal oorweeg word in die beswil van die spel en die skool. Afrigters moet gereeld gradeer en die jaarlikse reëlbespreking bywoon.

Studente afrigters

Daar word van buite-afrigters gebruik gemaak wat hoofsaaklik studente is. Ouers mag afrig, maar nie waar hul eie kinders is nie. Studente afrigters moet gekwalifiseerd wees om spanne self te kan skeidsreg.

Spanbestuurders

Seniorspanne wat aan toernooie deelneem mag van `n spanbestuurder gebruik maak. Dit is die afrigter in samewerking met die netbalhoof se besluit wie aangestel word as spanbestuurder. Hierdie spanbestuurder mag nie `n ouer van een van die spelers in die betrokke span wees nie. Pligte van die spanbestuurder behels die volgende en tree in werking sodra die uitspeelwedstryde aanvang neem.

- Administrasie van die betrokke span.
- Verantwoordelik vir die telling- en tydhou tydens wedstryde.
- Hulpverlening tydens opwarming.
- Algemene en emosionele welstand van die span.
- Verantwoordelik vir die hantering van die mediese tas.

Spanbestuurders moet dus deeglik bewus wees van wat hierdie verantwoordelikhede behels.

2. Proewe

Skoolproewe word aan die einde van die vierde kwartaal gehou in al die ouderdomsgroepe. Dogters wat die vorige jaar in die A,B en C spanne gespeel het, is welkom om aan hierdie eerste rondte proewe deel te neem. Die nuwe afrigter neem die spanne van die vorige jaar, skommel dit en hou haar eie proewe. Daar word verkies dat mede-afrigters gebruik word om te help met spankeuses.

Twee groepe word na afloop van hierdie proewe gekies. `n A+B groep en `n C+D groep. Die finale proewe vir die kies van die toerspan word in die eerste kwartaal van die nuwe seisoen gedoen.

Dogters word streng volgens hulle ouderdomme gekies. Indien `n dogter in die jaar 7 word, moet sy gekies word vir een van die O/7 spanne. Dit gebeur soms dat `n graad 1-dogter wat 8 jaar oud word in een van die O/8 spanne gekies moet word. Dogters mag nie in `n laer span speel as wat haar ouderdom is nie!
Geen O/14 dogter mag vir die skool se spanne gekies word nie.

3. Kies van spanne

Die kies van die finale spanne sal in die eerste kwartaal geskied deur die afrigters van daardie spesifieke ouderdomsgroep. As `n speler nie haar kant bring nie of haar vaardighede nie pas by die spelpatroon nie, mag die afrigter die speler met `n ander speler van dieselfde ouderdomsgroep uitruil. Vir ligawedstryde word die sterkste spelers gekies en mag spelers slegs geruil word in geval van `n besering soos vereis deur SA Netbal. D-spanne mag ekstra spelers akkommodeer deur spelers op `n rotasie basis uit te ruil vir wedstryde.

4. Toernooie

Tydens toere en toernooie waar daar `n koste implikasie ter sprake is wat deur die ouers betaal moet word, moet die reserwes speelkans gegee word. Hierdie reserwes moet ten minste die helfte van die totale aantal speelyd geleentheid gegee word om ook hul spel te ontwikkel.

Met Nasionale en Provinsiale uitsele waar die span betrokke is en die skool die kostes daarvan dra moet die sterkste beskikbare spelers gekies word en moet die reserves slegs geruil word in geval van `n besering volgens die toernooi reëls.

5. Afwesighede

Indien `n speelster siek/beseer is met `n geldige mediese sertifikaat, kan die afrigter enige speler vra om te speel **indien daardie speler van `n laer span is.**

6. Oefeninge

Oefeninge word vasgestel aan die begin van elke seisoen en word op die kwartaalike buitemuurse rooster aangedui. Dogters wat gedurende die eerste kwartaal betrokke is by atletiek, swem, tennis en skaak moet voorkeur geniet by eersgenoemde sporte. Hokkie is egter `n 3de kwartaal sport en netbal kry dus voorkeur.

7. Oefentye

Gedurende die netbalseisoen word daar op Maandae en Woensdae vir `n uur op die baan geoefen soos op die Buitemuurse Rooster aangedui is. Dit staan afrigters egter vry om ekstra fiksheidsoefeninge ens. op die gras te oefen buite die vasgestelde tye. Donderdae middag word uitgesit vir ligawedstryde, maar indien daar nie op die betrokke Donderdag geskeduleerde wedstryde sou plaasvind nie, word die Woensdag-rooster herhaal. Afrigters moet hou by die oefentye soos aan hulle gegee.

Indien daar klinieke gereël word, moet dit binne hierdie oefentye val of dit kan gedurende `n beskikbare naweek gereël word. Daar moet verkieslik klinieke vir alle spanne gereël word. Wanneer daar geskuif word agv bv. reën/een of ander rede moet weereens gelet word op botsings. Laer spanne kan bv. net `n dagklinikum hê en sekere vaardighede inoefen. Daar word aan alle spanne aandag gegee en so word vaardighede verbeter.

Belangrike punte vir afrigters:

- Wees altyd betyds by die oefeninge.
- Wees voorbereid vir elke oefening/wedstryd.
- Goeie dissipline moet gedurende die oefening/wedstryd heers.
- Gemaklike oefenklere moet deur die afrigter en spelers gedra word. Afrigters mag slegs met tekkies (seilskoene) op die baan gaan. Geen hoë hakke word op die netbalbane toegelaat nie.
- Afrigters wat `n probleem ondervind met hul eie kind (toesig) mag in uitsonderlike gevalle hul kinders na die oefening bring. Kinders mag egter nie op die baan gaan terwyl daar besig is met afrigting nie.
- Indien `n afrigter weens uitsonderlike omstandighede nie die dag `n oefening kan bywoon nie, kan die oefening gekanselleer word, mits dit betyds aan die spelers en ouers deurgegee word. Lig asb. ook die kantoor asook jou oefengroep in rondom hierdie reëling indien ouers die skool sou kontak.
- Buite-afrigters wat nie by die oefening kan wees nie moet betyds by die netbalhoof en sportorganiseerder verskoning maak en dan self iemand in haar plek stuur soos uiteengesit in die studentekontrak.
- Indien `n afrigter nie `n wedstryd weens omstandighede kan bywoon nie, moet `n kollega u span namens u hanteer. Geen ouer. Netbalhoof is verantwoordelik vir hierdie reëling.
- Na afloop van elke oefening/wedstryd is die afrigter en spelers verantwoordelik vir die netheid van die betrokke baan. Alle papiere,

bottels en klerasie moet verwyder word. Slegs waterbottels word op die bane toegelaat.

8. Klinieke, toere en klerasie

Slegs O/10 - O/13 spanne mag aan toere of toernooie deelneem. Ander ouderdomgroepe mag wel hul eie klinieke op die skoolbane aanbied.

Klerasie vir hierdie toergroepe moet in oorleg met die klerebeleid wees. (Let op na riglyne van senior spanne)

9. Ander pligte

’n Werksverdeling met sekere verantwoordelikhede word jaarliks opgestel. Afrigters word op ’n rotasie basis gebruik en moet toesien dat hul hierdie pligte stiptelik uitvoer.

Alle afrigters moet egter beskikbaar wees vir pligte tydens Netbaldae en ander tuiswedstryde.

Tydens weg en tuiswedstryde word daar ook van afrigters verwag om busdiens te doen. Soms gebeur dit dat die netbalwedstryde lank voor die rugbywedstryde afgehandel is. Die betrokke afrigters wat verantwoordelik is vir daardie dag se busdiens kan met die rugbyafrigters reël wat saam met hulle op busdiens was of dit nodig is dat sy moet wag tot die rugbywedstryde afgehandel is en of alternatiewe reëlings getref kan word.

10. Ouerinmenging

Geen ouerinmenging moet geduld word nie. Afrigter(s) kan ouer(s) vra om tydens ’n oefening/wedstryd die baan of perseel te verlaat. Die Netbalhoof, Sporthoof en Hoof moet in kennis gestel word van onderonsies. Indien ’n ouer ongelukkig is oor ’n saak kan ’n afspraak gemaak word by die Sporthoof/Hoof om die saak op te neem.

Die ouers het via die leerders se huiswerkboekie ’n gedragskode ontvang waarby gehou moet word. Hierdie ouers moet dit teken en dus onderneem hul daarby om by die reëls te hou.



N. Slabbert
SPORTHOOF



N. Gunter
SKOOLHOOF